



# Kom uit by die grondoorsaak van siektetoestande

— deur Johan Jacobs

**Vraag: Ek voel chronies moeg, maar ek eet gesond... Wat is die probleem?**

**Antwoord:** In die eerste plek is dit natuurlik om energiek en lewenslustig te wees, maar heeltemal normaal om ná 'n strawwe oefeningssessie, 'n harde dag se werk, oormatige stres, of 'n 3 uur lange eksamen moeg te wees. Jou liggaam beskik egter oor die

liggaam fikser en sterker kan word om aan te pas by omstandighede, oefening of werk.

Die selfgenesende stelsel van die liggaam tree in werking wanneer die liggaam seer en gevoelig is nadat dit aan strawwe oefeninge, stres of werk blootgestel is. Onthou, as daar voldoende boustene in die liggaam teenwoordig is, kan die liggaam en immuunstelsel gewoonlik vinniger en beter herstel.

## Chroniese moegheid

Chroniese moegheid is egter 'n siektetoestand! Dit is veral die geval as 'n mens nie

**Een van die negatiewe stresfaktore wat oor die hoof gesien word, is toksienes – wat meestal onsigbaar is – maar 'n vergiftigende uitwerking op die liggaam het.**

wonderlike vermoë om maklik te herstel as dit voedende voedsel inneem en toegelaat word om te rus. Ons weet almal dat die

blootgestel is aan oormatige fisiese oefening of stres nie; des te meer wanneer die liggaam voldoende voeding ontvang, maar daar steeds iets skort en jy geen energie het nie. 'n Mens moet dan ondersoek instel na die oorsaak van die stresfaktore.


## Toksiene – die onsigbare draak

Een van die stresfaktore wat grootliks oor die hoof gesien word en wat 'n negatiewe invloed op jou liggaam het, is toksienes. Hierdie element is meestal onsigbaar, maar dit het 'n vernietigende en vergiftigende uitwerking wat die liggaam voortdurend onder druk plaas. Gevolglik is die liggaam chronies moeg en wil rus en herstel, maar die oorsaak van die probleem is nog steeds teenwoordig en geen rus sal die toestand verbeter nie.

Die hoofrede waarom hierdie element meestal oor die hoof gesien word, is omdat blootstelling daaraan geïgnoreer word wanneer daar aanvanklik geen ernstige newe-effekte te bespeur is nadat die bestanddeel ingeneem of gebruik is nie.

'n Wyse man het eenkeer gesê: "Die gebrek aan onmiddellike uitwerking lei tot die gevolgtrekking dat daar geen uitwerking sal wees nie."

Wanneer daar weke / maande / jare later genoeg van hierdie gifstowwe in die liggaam vergaar het en jy daarvan bewus word dat daar iets fout is, word die probleem nie met die oorsaak daarvan verbind nie en word die hoofoorsaak oor die hoof gesien.



Johan Jacobs, stigter en outeur van GO Natural

Onthou, jou liggaam is toegerus met 'n immuunstelsel om dit te beskerm. Ek noem dit ons persoonlike lyfwag, of Rambo. Hy kan baie mishandeling en /of skadelike stresfaktore hanteer, maar hy kan net sóveel hanteer en dan sal selfs Rambo oorlaai en ondoeltreffend word. Teen daardie tyd is van die gifstowwe reeds opgeneem en het dit in die liggaam opgegaan.

Aangesien die oorsaak van die probleem nog nie blootgelê is nie, word daar daagliks al hoe meer gifstowwe vrygestel en geab-

stopfels, ens. soos in my boek vermeld) deur 'n opgeleide biologiese tandarts te laat doen, talle wonderwerke plaasvind waartydens mense herstel van chroniese moegheidsindroom, fibrositis, demensie, MS, kanker, rumatoïede artritis, en dies meer.

## Uiters noodsaaklik

As jy kwikamalgaamstopfels op die standaard metode (die verkeerde manier) laat verwyder, sal jy jouself ongelukkig

**Wanneer jy daarvan bewus word dat iets skort, word jy met 'n siekte gediagnoseer en ontvang jy medikasie vir 'n simptome, maar word die probleem nie met die hoofoorsaak verbind nie.**

sorbeer, en dit het 'n sneeubaleffek. Jou siektesimptome sal geleidelik vererger as gevolg van hierdie onnatuurlike gifstowwe wat in jou liggaam opgegaan word. Dit is in hierdie stadium wanneer jy dan gediagnoseer word. Gewoonlik ontvang jy medikasie vir 'n spesifieke simptome, maar die hoofoorsaak word steeds nie aangeraak nie. Wanneer slegs die simptome behandel word, sal jy spoedig sterker medikasie benodig omdat die hoofoorsaak eers blootgelê moet word.

## My raad aan jou

Ek raai jou aan om al die tipiese hoofoorsake van siekte te identifiseer en uit die weg te ruim. My ondervinding is dat tandheelkundige toksienes die gevaarlikste bron van gifstowwe is. Ek het al mense ontmoet wat al die moontlike gedoen het, maar steeds ly en selfs sterf "weens 'n gebrek aan kennis".

Ek het ondervind dat wanneer 'n mens egter begin om in wysheid te leef, dit wil sê, om net heilsame voedsel en skoon water in te neem en tandheelkundige omkering (vervanging van kwikamalgaam-

eksponensieel aan megadosisse kwik blootstel met ernstige newe-effekte en sal jou simptome ongelukkig net vererger. Biologiese tandheelkundige omkering word omvattend in my boek verduidelik. Onthou, God het ons met selfgenesende gene geskape, ons moet net van al die grondoorsake van siekte ontslae raak.

## Bykomende Raad

Daar is baie meer raad oor dieet en 'n gesonde leefwyse in my boek, maar ek sal jou ook die volgende aanraai:

- Begin beweeg vir behoorlike bloedsirkulasie, sirkulasie van die limfatiese vloeistof – 'rebounding' (oefeninge op 'n minitrampoliën) is letterlik 'n drie-in-een-wonderoefening.
- Beweging en heilsame kos help om die liggaam natuurlik te detoksifiseer.
- Neem daagliks groentesap in, wat die immuunstelsel versterk.

## WAARHEID

"En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak." Johannes 8:32.

## GRONDOORSAKE WAT SIEKTE VEROORSAAK – TIPIESE ON-SIGBARE DRAKE

### 1. Tandheelkundige toksienes

Kwikamalgaamstopfels, tande met wortelkanaalbehandeling, tandheelkundige implantings en draadjies is almal ernstige stres- en risikofaktore.

### 2. Voedseltoksienes

Geneties gemodifiseerde (GM) voedsel, preserveermiddels, MSG, aspartaam, margariën, ens.

### 3. Water

Chloor, aluminium, ens.

### 4. Skoonheidsmiddels

Swaarmetale in haarkleurprodukte, lipstifflie, ens.

### 5. Persoonlike higiëne

Fluoried in gewone tandepasta, estrogeen-nabootsende preserveermiddels ('parabens') en skadelike chemikalieë in seep en sjampoe.

### 6. EMK-bestraling (Elektromagnetiese bestraling)

Selfoon- en wi-fi-bestraling. Die lys onnatuurlike, skadelike moderne toestelle is byna eindeloos – die meeste hiervan word in my boek bespreek.

## Daar is ware hoop

Ek het 12 jaar gelede aan chroniese moegheid en aggressiewe veelvuldige sklerose gely, maar toe ek WAARHEID ontvang en die grondoorsake van siekte verwyder het, is ek my tweede kans gegun en het my liggaam herstel. Vandag nooi ek jou uit om 'n GO NATURAL Wisdom for Healthy Living-boek te koop om al die raad te ontvang, sodat jy ook bemaagtig kan word om natuurlik en siektevry te leef. ■

**JOHAN JACOBS** is die stigter en outeur van Go Natural. Besoek [www.gonatural.co.za](http://www.gonatural.co.za) om sy boek te bestel.

